
Storiesterre
vir Klein Harte
Briesie Kry 'n
Belangrike Werk
ANNABEL LIVERSAGE



Briesie Kry ’n Belangrike Werk

Dit is skoolvakansie. Lielie en haar neef en niggie kuier by Ouma Annie. Ouma maak ’n blink voorstel: “Kom, kleinspan, vandag gaan ons die speelgoedkas regpak.”

Die kinders pak blokkies, karretjies en poppe in die speelgoedkas. Ouma help ook, almal werk saam. Briesie sweef bo hulle, nuuskierig en liggies ongesiens. Sy waai oor die kamer en tel ’n sagte lap-pop liggies op. Briesie sit dit mooi in die kas neer.





Haar gesiggie straal van trots en blydskap: “Ek help ook!”
Vrolik en besig werk hulle saam, en maak dit pret.

Toe hulle klaar gewerk het, trek Ouma haar rooi gespikkelde voorskoot reg. Sy skuif haar geliefde stoel nader en gaan sit.
“Kry elkeen ’n kussing en kom sit hier, my kinders,” sê Ouma Annie...
“Vandag wil Ouma vir julle van die verskillende winde vertel.”





"Nou," sê Ouma, "al hierdie winde bly saam in 'n geheime plek daar hoog in die hemel; in die Woud van Wind."

"Weet julle, liewe kindertjies, daar is winde wat God gebruik vir baie belangrike werkies. Hulle is gehoorsaam aan Hom, en doen net wat Hy sê."

“Suidooster wind, of soos ons hom noem, Die Kaap se Dokter, is baie sterk. Wanneer hy waai, ruk hy sambrele uit mense se hande en Ouma se wasgoed van die lyn af!”





“Stoutgat Sarel, die warrelwind, is ’n ondeunde outjie wat graag rondomtalie waai. Speelgoed wat rond lê, waai hy hoog in die lug op!”

“En dan is daar nog Speelse Anna, ’n wind van die Suide,” gaan Ouma aan.
“Sy is ’n sagte windjie. Sy fluister soos ’n mamma wat haar babatjie sus.”





“Woeste Willem, die Stormwind raak soms so bietjie windmakerig en kwaad.” glimlag Ouma, “dis hy wat alles stukkend ruk en bome omwaai.”

“Warm Wikus, is die Somerson! Wikus en Somerwind is groot vriende. Saam smelt hulle kindertjies se roomys en kry lekker as dit op die grond val.”





Die kinders sit regop, hul oë groot soos pierings, en skuif nader.
“En dáár, my liewe kindertjies, woon daar ook ’n klein windjie met die naam Briesie...”

Sy is die kleinste van almal, en die ander het haar soms uitgeskel omdat sy te sag is. Briesie het in die kleinste boompie gewoon. Sy het soms gehuil wanneer Stormwind haar afjak: “Jy’s nie sterk genoeg nie,” sou Stormwind blaas.





Maar Briesie het altyd geglo dat God
haar vir iets besonders gemaak het.
Sy het rustig tussen die blare
gefluister, en kinders se haartjies
gekielie wanneer hulle buite speel.

Soms vou sy sommer net ’n blom se kroonblaar toe en blaas dit oor iemand se wang; net om hulle te laat glimlag.





Elke oggend kyk Briesie om haar rond. Die groot winde snork nog. Die wolke draai stadig in hulle slaap. Selfs die voëltjies het nog nie begin fluit nie. Dan sak Briesie stadig nader aan die aarde toe.

Die vroeë oggendluggie speel deur die blare. Takkies wip in die wind. Dis ’n simfonie; en Briesie is die dirigent.





Sy waai verder en sien ’n spinnekoppie wat sukkel om sy web droog te kry. Briesie blaas liggies; die druppeltjies val soos blink pêrels af.
“Ag dankie, Briesie!” roep die spinnekop.
“Dis ’n plesier,” antwoord Briesie.

Toe sien sy ’n huilende kindjie wat nie kan slaap nie. Briesie gly saggies deur die venster en waai koel oor die kind se wangetjies. Die kindjie glimlag en raak rustig.
“Jesus se windjie het jou kom troos,” fluister die mamma en trek die kombersie sag oor die kindjie se voetjies.





Maar toe... kom die belangrikste dag in die geskiedenis! Baie vroeg die volgende môre, nog voor die son sy kop uitsteek, word Briesie wakker. Sy vryf haar ogies en wonder hoekom dit nog so vroeg is.

Toe onthou sy! Vandag is ’n groot ... baie belangrike dag! In die verte hoor sy ’n groot geraas ...’n Groot skare het vergader. Soldate skree, mense huil, en swaar kruise word op ’n heuwel opgerig.





Jesus, die Seun van God, word aan ’n houtkruis vasgespyker. Die lug word donker. Die aarde beef. Die hele skepping hou asem op ...

En dáár, in daardie heilige oomblik, hoor Briesie ’n fluistering uit die hemel: “Briesie,” kom die stem van die Vader, “dis nou jou tyd.”
Briesie huiwer nie. Sag en eerbiedig gly sy deur die skare, reguit na die kruis toe. Hy streel Jesus se bebloede voorkop, en droog die trane wat van Sy oë rol. Toe Jesus Sy laaste asem uitblaas, is dit Briesie wat dit saam met Hom — opneem en hemel toe dra.





Briesie se hart is baie seer en sy is nie lus om terug na die woud toe te gaan nie. Vannag slaap sy net hier langs Jesus se graf.

Vroeg Sondagoggend word Briesie wakker van ’n sagte geluid wat sy hoor. Sy hou haar asempie op, en luister mooi. Briesie kan haar oë nie glo nie! Sy sien Jesus uit die graf kom! Jesus glimlag vir Briesie en sy waai vir Jesus totsiens. Die graf is leeg. Jesus het opgestaan!





Later die dag bak Ouma pannekoek vir die kindertjies. Sy vee stilweg die sweet van haar voorkop af. Briesie glip vinnig by die venster in en vee saggies oor Ouma se warm gesig. Ouma glimlag en sê: “Sjoe, hoe lekker koel is die briesie wat nou by die venster in kom.”

“Daardie dag het Briesie ’n werkie gedoen wat geen ander wind kon doen nie,” sê sy sag.

“God het haar gebruik om vir Jesus sag af te sluit … met liefde en eerbied.”

“Welgedaan, klein Briesie,” sê die groot wind — en knipoog vir haar.
Van daardie dag af doen Briesie haar bes om net goeie dade te doen, oral waar sy gaan. Briesie glimlag in haar windhart.
“Ek is maar klein, maar ek het ’n belangrike werkie gedoen,” fluister sy en waai dan stadig hemel toe.
“Gelukkig is die kind wat op die Here vertrou en geduldig wag.”
Die kindertjies sit stil. In hulle harte weet hulle!





Slotgedagte:
Jy hoef nie groot of sterk te wees om iets besonders vir Jesus te doen nie. Selfs ’n sagte windjie kan ’n boodskap van liefde dra. Die Here gebruik elkeen – klein of groot – om Sy lig te wys.